higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 4

(11011004)

15 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 1 addendum.

322Q1N2215

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 As ’n piesangbrood R7,50 kos en die vereiste bruto wins is 50%, sal die verkoopprys … wees.

A R21,25
B R9,75
C R14,67
D R11,25 (2)

1.1.2 ’n Voordeel van werksrotasie:

A Dit is ’n vereiste vir die prestasiebeoordeling van werknemers.
B Dit kan werknemers blootstel aan werk wat hulle ken.
C Dit verbreed werknemers se kennis en ervaring.
D Dit word vereis vir werknemers se daaglikse pligte. (1)

1.1.3 Bokoste ('Overheads') van ’n restaurant:

A Basiese koskommoditeite
B Brandstof en beligting
C Personeeletes
D Personeellone (1)

1.1.4 By watter van die volgende vorms van eienaarskap is die lede gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die skulde van die besigheid?

A Alleeneienaar
B Private maatskappy
C Vennootskap
D Beslote korporasie (1)

1.1.5 ’n Voorbeeld van ’n bylae tot ’n sakeplan:

A Dekbrief
B Ondersteuningsbrief
C Aansoekbrief
D Motiveringsbrief (1)

Kopiereg voorbehou

1.1.6 In die geval van ’n brand in die gebou, moet ’n mens …

A wegbly van vensters of ventilasie-openings wanneer jy binne vasgekeer is.
B alle deure en vensters toemaak.
C jouself red en toelaat dat die brandbestryders na die ander mense omsien.
D deur kamers met rook hardloop om versmoring te voorkom. (1)

1.1.7 ’n Resep vir vier porsies botterskorsiequiche benodig 120 g cheddarkaas teen R69,00 per kilogram.

Hoeveel sal die cheddarkaas per porsie kos?

A R8,28
B R5,35
C R6,99
D R2,07 (2)

1.1.8 Waarvoor staan die S in die SMART-beginsel?

A Sterkpunte
B Skoling
C Spesifieke
D Selfontwikkeling (1)
(10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die doel van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid is om voorsiening te maak vir die gesondheid en veiligheid van alle werknemers en gaste/kliënte in die werkplek.

1.2.2 ’n Mens moet die ABC-metode gebruik wanneer gapings in opleiding geïdentifiseer word.

1.2.3 Skriftelike voorskrifte is ’n toepaslike manier om sekuriteits- en veiligheidsprosedures aan ongeletterde persone te kommunikeer.

1.2.4 Pareve kos word in die Joodse geloof toegelaat.

1.2.5 Gasvryheidsinstellings wat dieselfde teikenmark bedien, is mededingers.

1.2.6 ’n Vuurhoutjie of aansteker moet aangesteek word sodra die gas vir een minuut aan was.

Kopiereg voorbehou

1.2.7 ’n Mens moet gereeld vaardighede aanvul om bemarkbaar te bly in die gasvryheidsbedryf.

1.2.8 Brandbestrydingstoerusting moet een keer ’n maand onderhou word.

1.2.9 ’n Beslote korporasie moet by CIPRO geregistreer wees.

1.2.10 Vermaaklikheidsbesighede het ’n handelslisensie van Eskom nodig om hul regsvereistes na te kom.

1.2.11 ’n Mens kan redelikerwys aanneem dat inligting op tuisgemaakte strooibiljette akkuraat is.

1.2.12 Jongmense (middel-twintigs en ouer) wat in bedryf gewerk het, sal minder waarskynlik sukses behaal as entrepreneurs.

1.2.13 Om iets op ’n ranglys te plaas, is om dit in ag te neem of te ondersoek om die waarde daarvan te beoordeel.

1.2.14 Selfhulp verwys na individue wat hulself verbeter.

1.2.15 Werkstevredenheid hang van die kwaliteit van die werkslewe af.

(15 × 1) (15)

1.3 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Enige aksie wat tot ’n mens se ontwikkeling lei	A	werkstevredenheid
1.3.2	Wanneer ’n mens se werk nie meer ’n verrykende ervaring blyk te wees nie	B	vaardigheidsontwikkelings-geleenthede
1.3.3	Kanse wat ’n mens het om aan aktiwiteite deel te neem wat tot ’n mens se ontwikkeling sal lei	C	werksvervreemding
1.3.4	Werkgewer se beoordeling van ’n werknemer	D	vaardigheidsontwikkelings-aktiwiteite
1.3.5	Belangrike aspek van selfontwikkeling	E	werksverryking
		F	prestasiebeoordeling
		G	maatskappy herstruktureer

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.4 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.4.1 Term vir kossoorte wat in Islam toegelaat word

1.4.2 ’n Bestuurder wat vaardighede en kennis aan ’n ondergeskikte gee

1.4.3 Vegetariërs wat eiers en melk, maar nie vleis, pluimvee of vis eet nie

1.4.4 ’n Dokument wat aksies kan bevat om ’n personeellid vir ’n bestuurspos voor te berei

1.4.5 Metode wat gebruik word wanneer die hoeveelheid kos wat gemaak moet word, vermeerder of verminder moet word

1.4.6 Sekere wette word deur hierdie departement geformuleer om die bestuur van ’n besigheid te reguleer

1.4.7 Wanneer ’n mens ’n vasgestelde datum het om opleiding van ’n vaardigheid te voltooi om jouself te verbeter

1.4.8 Insette van personeel en kliënte wat help om moeilikhede te identifiseer wat ’n mens ervaar het terwyl jy jou werk gedoen het

1.4.9 Vergaderings tussen ’n werknemer en hul bestuurder, wat konstruktief, sistematies en oor ’n spesifieke tydperk gebaseer is

1.4.10 ’n Individu wat ’n salaris betaal word vir werk wat voltyds gedoen word

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.5 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.5.1	’n Gerekenariseerde diens wat op ’n perseel of elders gebruik word om indringers op te spoor	A	ontruimingsplan
1.5.2	’n Dokument wat die proses aandui om alle mense uit ’n gevaarlike of potensieel gevaarlike plek te kry	B	noodontruimings-proses
1.5.3	Gesondheid en veiligheid sal nie ’n las wees as dit deeglik bestuur word om ongelukke en beserings te voorkom nie	C	kritieke funksies
1.5.4	Prosedure wat gevolg moet word in geval van ’n alarm wat in ’n gebou afgaan tydens ’n noodgeval	D	toerustingveiligheids-plan
1.5.5	Sleutelwerknemers sal dít dalk moet vervul voordat ’n gebou in ’n noodgeval ontruim word	E	perseelbestuurstelsels
		F	voorkomende prosedures
		G	personeeltoegangs-beheer

(5 × 1) (5)
[45]

TOTAAL AFDELING A: 45

AFDELING B

VRAAG 2

2.1

Angela is ’n 20-jarige student. Sy is tans as ’n voltydse student vir Gasvryheid NS(B) V4 by The International School of Cooking ingeskryf. Sy werk deeltyds as ’n commis-sjef by Yin Yin Restaurant om vir haar studies te help betaal. Sy is van plan om aansoek te doen vir ’n sjef de partie-pos sodra sy die sertifikaat verwerf het.

Hoewel sy fluks is, is dit vir Angela moeilik om deeltydse werksverpligtinge en haar studies te balanseer. Sy sukkel met tydsbestuur. Sy kan nie haar deeltydse werk los nie, omdat sy die geld nodig het om vir haar studies te betaal. Om haar studies te laat vaar is nie ’n opsie nie, want sonder haar kwalifikasie sal sy nie ’n werk as ’n sjef de partie kry nie.

Sy het ’n bietjie navorsing gedoen en uitgevind dat sy deeltyds kan studeer. Dit sal beteken dat sy nog steeds kan werk, maar sy moet haar studies prioritiseer.

Kopiereg voorbehou

2.1.1 Wat is Angela se loopbaanaspirasie? (1)

2.1.2 Angela het haar dosent genader vir leiding. Sy is onseker of sy haar studies voltyds of deeltyds moet voortsit.

Bespreek die voordele en nadele daarvan om voltyds teenoor deeltyds te studeer. Tabuleer die antwoord soos volg:

VOORDELE VOLTYDSE STUDIES	**NADELE VOLTYDSE STUDIES**
VOORDELE DEELTYDSE STUDIES	**NADELE DEELTYDSE STUDIES**

(4 × 2) (8)

2.1.3 Angela het besluit om deeltyds, per korrespondensie, te studeer. Haar dosent het voorgestel sy doen ’n SWOT-analise om te help dat sy gemotiveerd bly en goed vorder om haar studies te voltooi.

Skep vir Angela ’n SWOT-analise deur die inligting te gebruik wat gegee is. (4)

2.1.4 As ’n mens jouself in Angela se skoene plaas, hoe kan aanlynoplossings of -toepassings help om jou tyd meer doeltreffend te bestuur? (4)

2.1.5 Stel ’n mediumtermyndoelwit voor waarna Angela moet strewe. (1)

2.2 Ná voltooiing van haar studies, het Angela aansoek gedoen en werk gekry as ’n sjef de partie by ’n plaaslike restaurant, en sy nader die einde van haar drie-maande-proeftydperk.

2.2.1 Wie sal haar prestasiebeoordeling die beste kan behartig wanneer haar proeftydperk eindig? Staaf jou antwoord. (3)

2.2.2 Hoekom sal hulle by Angela se werkplek ná haar proeftydperk ’n prestasiebeoordeling doen? (3)

2.2.3 Hoe gereeld moet bestuur verder prestasiebeoordelings met personeel doen? (1)

2.2.4 Die persoon wat Angela se prestasiebeoordeling gedoen het, het ’n ontwikkelingsplan voorgestel om Angela in die toekoms te help.

Hoe kan ’n ontwikkelingsplan Angela met die resultate van die beoordeling help? (3)

Kopiereg voorbehou

2.3 Daar was taxigeweld, wat 'n invloed gehad het op Angela se emosionele, fisiese en finansiële welstand.

Bespreek hoe hierdie faktore haar ontwikkelingsplan kon beïnvloed. Tabuleer die antwoord soos volg:

EMOSIONELE INVLOED	FISIESE INVLOED	FINANSIËLE INVLOED

(3 × 2) (6)

2.4 Die taxigeweld vererger met geen einde in sig nie, wat veroorsaak dat sy laat is vir werk en soms glad nie by die werk kan kom nie.

Beskryf hoe Angela haar ontwikkelingsplan moet aanpas om hierdie probleem die hoof te bied. (5)

2.5 Hoe kan Angela seker maak dat sy haar aangepaste ontwikkelingsplan suksesvol voltooi? (1)
[40]

VRAAG 3

Bestudeer die spyskaart hier onder:

SPYSKAART

Hoenderroomsop

Hoender à la koning
Gestoomde rys
Broccoli met kaassous
Noedelslaai

Gebakte kaaskoek met 'n bessiesous

3.1 Beoordeel die geskiktheid van die spyskaart vir die volgende tipes kliënte:

3.1.1 Veganis

3.1.2 Jode

3.1.3 Iemand wat 'n laevetdieet volg

(3 × 3) (9)

3.2 Buiten die teikenmark is die volgende van die ander veranderlikes wat in gedagte gehou moet word wanneer ’n spyskaart saamgestel word.

Bespreek die geskiktheid van die bogenoemde spyskaart teen die veranderlikes hier onder:

3.2.1	Tipe bedryf	(3)
3.2.2	Vaardigheidsvlak van kombuispersoneel	(3)
3.2.3	Herhaling van kommoditeite	(4)
3.2.4	Kleur	(3)
3.2.5	Seisoensbeskikbaarheid	(3)
		(16)

3.3 Die hoofsjef het die nagereg op die vorige spyskaart met ’n gebakte kaaskoek vervang.

(4)

Hoe kan hy/sy seker maak dat kombuispersoneel ’n kwaliteitsproduk vir kliënte sal kan voorberei en voorsit?

3.4 Op die dag van die opleiding om die kaaskoek te maak, het ’n kombuispersoneellid positief getoets vir COVID-19, en moes dus isoleer. Dit sou die opleiding met minstens vyf dae vertraag.

3.4.1 Gee vir die hoofsjef moontlike opsies wat hulle in staat kan stel om met die opleiding voort te gaan en steeds al die kombuispersoneel in te sluit. (2)

3.4.2 Watter moontlike gevolg(e) kan daar wees as die opleiding nie kan voortgaan soos beplan nie? (3)

3.5 Nadat die kombuispersoneel opgelei is, moet die hoofsjef ook die bedienpersoneel van die nuwe nagereg inlig.

3.5.1 Hoekom is dit belangrik om die bedienpersoneel van die nuwe nagereg op die spyskaart in te lig voordat dit bedien word? (3)

3.5.2 Watter inligting oor die nagereg moet bedienpersoneel tydens bediening aan kliënte oordra? (3)

[40]

VRAAG 4

Sive was in diens van ’n plaaslike vyf-ster-hotel, maar weens COVID-19-beperkings is hy afgedank. Hy het al gesoek vir ander werksgeleenthede in die gasvryheidsbedryf, maar kon nog nie permanente werk kry nie. Hy het besluit om sy eie aanlynbesigheid te begin, wat persoonlikesorgpakkette verkoop aan mense in kwarantyn of selfisolasie.

4.1 As jy kyk na die tipe aanlynbesigheid wat Sive wil begin:

4.1.1 Sal hierdie tipe besigheid suksesvol wees in Suid-Afrika? (1)

4.1.2 Staaf jou antwoord op VRAAG 4.1.1. (3)

4.2 Watter moontlike risiko's sou Sive neem as hy die aanlynbesigheid begin? (5)

4.3 Sive moet bronne met COVID-19-inligting raadpleeg wanneer hy sy aanlynbesigheid beplan.

Waar kan hy inligting oor COVID-19-beperkings kry? (3)

4.4



[Bron: *https://www.mankwegametrackers.co.za/covid-19-level-3-update/*]

Hoe relevant is die COVID-19-protokol wat in die bogenoemde pamflet weergegee word, op Sive se plan om pakkette aan mense in selfisolasie te verkoop? (5)

4.5 Wat kan gebeur as Sive sy aanlynbesigheid begin en dan agterkom dat die inligtingsbronne wat hy in VRAAG 4.3 gebruik het, nie akkuraat is nie? (5)

4.6 Bespreek 'n privatemaatskappy- en alleeneienaar-besigheidsmodel met betrekking tot die volgende:

4.6.1 Wat hulle in gemeen het (5)

4.6.2 Hoe hulle verskil (5)

4.7 Bespreek die noodsaaklikheid van die eerste SES opskrifte van 'n sakeplan. (6)


Kopiereg voorbehou

4.8 Watter Suid-Afrikaanse maatskappye kan as mededingers vir Sive se besigheidsidee beskou word? (2)

[40]

VRAAG 5

5.1 **CONCORD HOTEL**



[Bron: *https://www.smartdraw.com/evacuation-plan/]*

5.1.1 Identifiseer die tipe diagram hier bo. (1)

5.1.2 Gebruik die ADDENDUM (aangeheg) om met pyle TWEE moontlike roetes te illustreer wat gevolg kan word ingeval 'n brand by die ster uitbreek. (2)

5.1.3 Die hotel het 'n prosedure in plek vir wanneer 'n persoon in 'n kantoor vasgekeer word en daar is 'n brand buite die kantoor. Ontleed die prosedure wat hier onder gegee word:

As jy tydens 'n brand in 'n kantoor vasgekeer word:

- Hou die deure oop sodat mense jou kan kry.
- Seël krake en luggate.
- Maak al die vensters aan die binnekant van die kantoor oop.
- Bly naby die deur.
- Soek hulp: Hang 'n voorwerp by die venster uit om die brandweer se aandag te kry.
- Dit is soms veiliger om op een plek te bly.
- Probeer kalm bly totdat die brandweer jou red. (7)

5.1.4 Beskryf SES veiligheidsopleidingspunte vir klein en groot kombuistoerusting wat tydens die induksie van nuwe kombuispersoneel ingesluit moet word. (6)

5.1.5 Hoekom is dit belangrik om personeel op te lei oor die korrekte gebruik van brandbestrydingstoerusting in 'n kombuis? (4)

5.1.6 Daar was 'n uitbraak van die Omicron-variant van COVID-19 onder die bedienpersoneel in die restaurant.

Hoe kon dit gebeur het? (5)

5.2 Wat beteken dit vir jou om kantoorruimte te verseker? (4)

5.3 Verduidelik die verskil tussen *beplande onderhoud* en *noodonderhoud* en gee TWEE praktiese voorbeelde van elk.

Tabuleer jou antwoord soos volg:

BEPLANDE ONDERHOUD	PRAKTIESE VOORBEELD	NOODONDERHOUD	PRAKTIESE VOORBEELD

(6)
[35]


TOTAAL AFDELING B: 155
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM **EKSAMENNOMMER:**

VRAAG 5.1.2

CONCORD HOTEL



[Bron: *https://www.smartdraw.com/evacuation-plan/*]

Kopiereg voorbehou